

26 Mei

Skrifgedeelte: Johannes 14:15-21
Fokusgedeelte: Johannes 14:16-17a

Wandel met Jesus deur die Heilige Gees!

Om 'n gelowige te wees mag nooit beteken dat ons soos “geheime agente” van die Here op aarde opereer nie. Nee, as ons die Here Jesus liefhet (wat eie aan gelowige is), sal ons sy opdragte uitvoer! Hierin het Hy ons genadiglik nie soos weeskinders alleen gelaat nie. Jesus belowe dat Hy in die tussentyd weer na sy dissipels (kerk) sal kom (en gekom het) in die “ander Voorspraak ... die Gees van die waarheid.”

Die Gees is ons Helper, ons Pleitbesorger, ons Bemoediger wat permanent in en by die gelowige sal woon! As Jesus deur sy Gees na die gelowiges terugkeer, sal ons wéét dat Jesus “in sy Vader is”; dus, dat Hy die ware en enigste Verlosser is wat God se finale heilsplan van stapel gestuur het. Daar kom egter ook 'n eenheid tussen ons en Hom – ons in Hom en Hy in ons! Dit dui op 'n geestelike verweefdheid tussen ons en Hom en dit beteken dat sy wil ons wil word, en ons optree in gehoorsaamheid aan Hom. 'n Lewe in liefde! Nou word die geringste daad aan 'n ander 'n magtige teken dat jy Jesus liefhet! Dit hou nog meer in. Die God van liefde word sigbaar in ons wêreld, want God en Jesus sal só iemand liefhê.

Sing: Skrifberyming 8-1:2

Ds. HC van Rooy (Port Elizabeth)